5

# EXODUS VAN DIE BOEREVOLK.

Die Groot Trek het in sekere sin begin toe in die begin van die 18e eeu die eerste veeboer-pionier sy gesin, sy huisraad en sy plaasgereedskap op sy kakebeenwaens gelaai het en na sy veepos, voortaan sy leningsplaas, verhuis het. Want alhoewel die Groot Trek nòg logies nòg histories 'n voortsetting van die 18e eeuse trekbeweging is nie, is die eerste sonder die laaste tog ondenkbaar. Die 18e eeuse verspreiding het die geharde Afrikaanse baanbreker gevorm, 'n mens met weinig behoeftes, en met die selfstandigheid en die handigheid om in daardie behoeftes self grotendeels te voorsien uit die betreklik skrale materiaal wat die bodem hom gebied het. Dit het die Afrikaanse binnelandbewoner fisies en psigologies mobiel gemaak en in hierdie mobielmaking lê die noodwendige voorwaarde vir die moontlikheid van die latere groot volksbeweging.

Van eweveel indien nie groter betekenis is die feit dat in hierdie tyd die heterogene elemente van die Boerevolk saamgebind is tot 'n nuwe nasionale lewenseenheid, met die bwussyn van sy nasionale apartheid, en met 'n eie ideologie ten opsigte van die behoorlike verhouding tussen Christen en heiden, blank en gekleurd, wat saam met sy godsdiens, en inderdaad eng daaraan verbonde geword het tot een van die vaste hoekstene van sy lewensopvatting.

Die veeboer-trek van die agtiende eeu het die Groot Trek moontlik gemaak; die handelinge van die nuwe Britse gesaghebbers wat in stryd was met die fundamentele lewensopvattinge van die Boervolk het die Trek onvermydelik gemaak.

Die motiewe wat gelei het tot die uittog het verskil van gesin tot gesin, dikwels waarskynlik van indiwidu tot indiwidu, maar soos by alle groot volksbeweginge was daar aanwesig 'n *leidende idee,* wat vaag, halfbewus en verward by die indiwidue, tog met klaarheid tot uiting gekom het by die groep as gemeenskapsgedagte. Hierdie gemeenskapsmotief het sy vertolking gevind in die briewe van Piet Retief en andere, maar is nergens met soveel klaarheid en insig uiteengeset nie as in 'n skrywe van die Volksraad van Lydenburg in „De Oude Emigrant" van 3 April 1860.

Hierin verklaar hulle dat hulle getrek het

> „om evenals onze voorgeslachten, en alle Europeesche natien voor ons gedaan hebben, een eigen land, en een eigen regeringsvorm te bekomen en op te rigten, *en om daardoor ons vry te houden van alle wetten en gewoonten van andere natien, die met ons geweten en nationaal gevoel strijdig en in ons oog onbehoorlijk zijn . . .* "

Anna Elizabeth Steenekamp, suster van Piet Retief, gee ons 'n kijkie van wat in hierdie vreemde „wetten en gewoonten" die ondraaglikste aanstoot gegee het. Sy noem as rede van die Trek o.a.:

> „Die skandelike en onregverdige handelinge met betrekking tot die vryheid van onse slawe: en tog was dit nie soseer hulle vryheid wat ons tot sulke uiterstes gedrywe het nie, maar die feit dat hulle gelykgestel is met Christene, in stryd met die ordinansies van God en die natuurlike onderskeid van ras en Godsdiens, sodat dit ondraaglik was vir enige fatsoenlike Christen om onder 'n sodanige juk te buig; om hierdie rede het ons liewer weggetrek om ons geloof suiwer te bewaar."

Die Boerevolk van die 18e en 19e eeue het sy geestelike leiding byna uitsluitend gesoek en gevind in die Heilige Skrif, en die geskiedenis van Israel met sy goddelike roeping en die daaruit spruitende bevel om hom apart te hou van die heidense nasies, het 'n onuitwisbare indruk op die Afrikanervolk gemaak. Die idee van geroepenheid, van apartheid, van die taak om hulle vry te hou van vermenging met die heidense volke het baie diep posgevat, en vorm inderdaad die diepste ondergronde van die kragtige rassebewustheid van die Afrikanervolk en die drang tot durende voortbestaan as aparte volk; en dit is aan hierdie rassebewustheid, verbonde aan sy godsdienssin, dat die Afrikanervolk, onder God, die handhawing van sy bloedsuiwerheid grotendeels te danke het.

In hierdie kort ontleding van die motiewe van die Groot Trek lê reeds opgesluit die aanduiding van sy vernaamste prestasies.

Die Voortrekkers het in hulle soek na „een eigen land" 'n baie groot en waardevolle deel van Suid-Afrika vir die Afrikaners en vir die witman in die algemeen, binne 'n betreklik korte tydjie gewin en mak gemaak. In die loop van hierdie proses het hulle die twee groot barbaarse militêre maghebbers van die Noorde, Silkaats en Dingaan, onskadelik gemaak, en so insidenteel selfs vir die binnelandse Kafferstamme 'n nuwe toekoms en 'n menswaardige bestaan verseker.

Maar die grootste betekenis van die Trek lê hierin dat die Voortrekkers op die gewonne grond eie state kon ontwikkel waar vir meer as 'n halwe eeu 'n eie, selfstandige nasielewe betreklik ongesteurd deur belemmerende invloede, kon ontwikkel. Hier kon die ou Hollandse erfinstellinge, aangepas aan die nuwe omstandighede, van ondergang gered word, terwyl nuwe, eie instellinge na eie behoeftes, tradisies en volksaard kon ontwikkel. Hierdie state het daarby geword die hegste ankers van die ideë van rasse-apartheid en ras-suiwerheid.

Die invloed van die Boererepubliek het buitendien, en dit is van oorwegende betekenis, nie beperk gebly tot hulle eie burgers nie, maar het

heilsaam teruggewerk op die ganse Afrikanerdom. Reeds Froude noem die republieke die „special glory" van alle Afrikaners, en dit is dan ook merkwaardig dat die brutale en tergende aanslae van die magtige Engelse wêreldryk op die betreklik klein en swak Boeregemeenskappe in die Noorde, meer as iets anders die Kaaplandse Afrikaners gebring het tot nasionale ontwaking en bewuswording. Dis opvallend dat die begin van die eerste Afrikaanse taalbeweging, van eie politieke organisasie en doelstelling soos beliggaam in die Afrikaner-Bond, kronologies saamval met die anneksasie van die diamantvelde en die eerste anneksasie van die Suid-Afrikaanse Republiek. Ds. S. J. du Toit, die vader van die Bond het dan ook reguit verklaar dat die Afrikaner-Bond, wat alhoewel dit later verwater is deur J. H. Hofmeyr, tog soveel gedoen het vir die Afrikanerbelange in Kaapland, wortel geskiet het op Amajuba. Die laaste poging om die staatkundige vrugte van die Groot Trek, die republieke, te red, het bloedoffers geëis en verkry van sowel Transvalers en Vrystaters as Kaaplanders; en hierdie offers het tenslotte die saad geword van 'n meer eensgesinde en doelbewuste groot Afrikanerdom.

Die wêreld-historiese betekenis van die Groot Trek lê dan tenslotte opgesluit in drie dinge: in sy groot aandeel in die handhawing van 'n ras-suiwere blanke gemeenskap in Suid-Afrika, in sy oorwegende aandeel in die bestendiging van die Hollands-Afrikaanse kultuur, en eindelik in die gedagte, uit hom gebore, van die noodsaaklikheid van die voortbestaan van 'n aparte, selfstandige en vrye Afrikanervolk, die draer en handhawer van die gedagte van ras-suiwerheid en van die Hollands-Afrikaanse kultuur.

A. J. H. v.d. WALT.